



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

**Lestitel: Die beskerming van God se skepping**

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



# Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Die beskerming van God se skepping**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: <a href="https://bit.ly/3NACSSHS">https://bit.ly/3NACSSHS</a>
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p><b>Nota:</b></p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. <b>Voorbeeld:</b> Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



## Die Les

<b>Lestitel</b>	Die beskerming van God se skepping
<b>Bybelteks</b>	Genesis 1: 26-31, Genesis 8: 22, Psalm 8: 6 en Psalm 104: 10-15
<b>Lesdoelwit</b>	Begrip dat die aarde die skepping van God is en dat dit die mensdom se verantwoordelikheid is om dit te beskerm.

## Lesopsomming:

Die aarde is God se skepping.

Dit is ons verantwoordelikheid om dit te versorg en te beskerm.

Wat kan ons doen om God se skepping te beskerm?

Jy moet nou reeds vertrouwd wees met Ons Geloofsbelofenis. Die eerste geloofsartikel is: “Ek glo in God, die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde.” In hierdie artikel erken Christene dat die aarde deel is van die skepping en dus God se werk. Dit beteken dat mense dit, soos alles wat God geskep het, met respek en bewondering moet behandel.

- God het mense 'n prominente posisie onder al die skepsele gegee.
- Ons is na sy beeld geskape en daarom is ons verantwoordelik vir die skepping van God.
- Ongelukkig berokken baie mense die natuur skade en hulle misbruik die aarde se hulpbronne.
- Hierdie optrede vernietig die ekologiese balans en ons plaas ons toekoms op risiko en stel die bestaan van toekomstige geslagte in gevaar.
- Die mens is opdrag gegee om die aarde te versorg en te beskerm, dit wil sê om dit aan die een kant te vorm en aan die ander kant te beskerm.

**Genesis 1: 26-27: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape”**

- Die skepping van God is egter so belangrik dat Hy ons nie net die opdrag gee om dit te versorg en te beskerm nie, maar dit ook voortdurend beïnvloed, soos die Psalmdigter daarop wys:

**Psalm 104: 10–15: “Hy wat die fontein uitstuur in die holtes; tussen die berge loop hulle deur. Hulle laat al die diere van die veld drink; die wilde-esels les hulle dors. By hulle woon die voëls van die hemel; tussen die takke uit laat hulle die stem hoor. Hy**



**laat die berge drink uit sy boonste kamers; die aarde word versadig uit die vrug van u werke. Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom, en dat wyn die mens se hart kan bly maak; om die aangesig te laat blink van olie, en dat brood die mens se hart kan versterk.”**

- Daar is baie wat ons kan doen om God se skepping te beskerm:
  - Ons kan organisasies wat die omgewing en diere beskerm ondersteun.
  - Ons skep nie onnodige vullis nie en laat nie vullis in die natuur rondlê nie.
  - Ons gooi nie kos wat nog eetbaar is weg nie.
  - Ons kan die pogings om die omgewing te beskerm ondersteun.
  - Daar is nog baie maniere ... kan jy aan 'n paar dink?

## **Wat beteken hierdie les vandag vir ons?**

- God het die aarde geskep.
- Dit is ons verantwoordelikheid om God se skepping te versorg en te beskerm.
- Mense moet die aarde beskerm vir sy bestaan en vir toekomstige geslagte.

## **Sommige vrae wat ons kan vra:**

*1. Wat beteken dit om die aarde te vorm?*

**Om lande te skep en graan en groente te plant; om diere te teel en te gebruik; om huise te bou; om putte te grawe**

*2. Wat beteken dit om die aarde te beskerm?*

- Ons beskou nie diere as besittings nie, maar behandel hulle as God se skepsels.**
- Ons mishandel hulle nie, maar gee hulle voldoende ruimte en sorg.**
- Ons besoedel nie die natuur nie, maar beskerm dit teen skadelike invloede.**
- Ons doen ons bes om die habitat van mense, diere en plante te beskerm.**
- Ons doen ons bes om die natuur weer te herstel, waar dit ook al vernietig is.**
- Ons doen ons bes om seker te maak dat toekomstige geslagte 'n onbeskadigde omgewing vir hul bestaan het.**



3. Kyk na die onderstaande lys en kyk hoeveel jy doen om die omgewing te versorg en te beskerm:

- Herwin**
- Strooi nie rommel nie**
- Bespaar water**
- Gebruik elektrisiteit spaarsamig**

*Kan jy aan meer dink om by die lys te voeg?*

**'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:**

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen